# Hiernamaals
## wat sê die Bybel?

## 7: 1000 JAAR VREDE?

Openbaring 20, Titus 2

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **288: Die rigter wat Israel kon red omdat hy linkshandig was:** | | | |
| Otniël | Samgar | Gideon | Ehud |
| **289: Hoeveel ‘wee’-uitsprake is daar in Openbaring?** | | | |
| 2 | 3 | 6 | 7 |
| **290: Watter van die volgende was nie verbode vir ’n Nasireër nie?** | | | |
| Dadels eet | Wyn drink | Hare sny | Druiwe eet |
| **291: Hier het die verspieders ’n tros duiwe afgesny** | | | |
| Gorma | Gilead | Eskolvlakte | Nefusim |
| **292: Jesus sê: Moenie julle pêrels gooi voor** | | | |
| Honde | Katte | Varke | Beeste |
| **293: Aan wie het die graf behoort waarin Jesus begrawe is?** | | | |
| Maria Magdalena | Nikodemus | Josef van Arimatea | Simon van Sirene |
| **294: Hierdie was nie ’n geskenk van die wyse manne nie.** | | | |
| Wierook | Mirre | Silwer | Goud |

2

| 288: Die rigter wat Israel kon red omdat hy linkshandig was: | | | |
|---|---|---|---|
| Otniël | Samgar | Gideon | D: Rigters 3:16 |

| 289: Hoeveel 'wee'-uitsprake is daar in Openbaring? | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | B: Openbaring 9:12 | 6 | 7 |

| 290: Watter van die volgende was nie verbode vir 'n Nasireër nie? | | | |
|---|---|---|---|
| A: Numeri 6 | Wyn drink | Hare sny | Druiwe eet |

| 291: Hier het die verspieders 'n tros duiwe afgesny | | | |
|---|---|---|---|
| Gorma | Gilead | C: Numeri 13:23 | Nefusim |

| 292: Jesus sê: Moenie julle pêrels gooi voor | | | |
|---|---|---|---|
| Honde | Katte | C: Matteus 7:6 | Beeste |

| 293: Aan wie het die graf behoort waarin Jesus begrawe is? | | | |
|---|---|---|---|
| Maria Magdalena | Nikodemus | C: Matteus 27:57 | Simon van Sirene |

| 294: Hierdie was nie 'n geskenk van die wyse manne nie. | | | |
|---|---|---|---|
| Wierook | Mirre | C: Matteus 2:11 | Goud |

3

# 1: Toon die opeenvolging van gebeure aan in Openbaring 20.

| | | |
|---|---|---|
| En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. | 4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. | 7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. |

Waar gebeur dit? Aarde Hemel

4

# 1: Toon die opeenvolging van gebeure aan in Openbaring 20.

En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

| | | |
|---|---|---|
| Watter tydperk is ter sprake? | | |
| Wie beleef die 1000 jaar? | Duiwel / satan / slang | Martelare |
| Wat gebeur? | Gebind + in afgrond gewerp, toegesluit & verseël | Sit op die trone en oordeel |
| Waarom? | Verhoed mobilitering – dan magte bymekaar | Dien God alleen |

5

En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Behalwe van die 1000 jaar is daar GEEN aanduiding dat die gebeurtenisse in die hemel en op die aarde opeenvolgend is nie

Hier is GEEN aanduiding dat daar 'n vrederyk sal wees nie.

# 2: Wat beteken dit dat Satan 'n 1000 jaar gebind word?

Hy word gebind en verseël het een enkele doel: om nie die ongelowiges saam te snoer tot 'n eenheid om die kerk van Christus aan te val nie.

6

3: Evalueer die volgende stelling: *Met die verval van die hele mensdom, die teenkanting teen die kerk en die werke van Satan wat so duidelik is, kan hy nie nou gebind wees nie*.



Die leeu is in die hok. Bo toegesluit en verseël.
- Hy kan steeds doodmaak
- Hy kan steeds brul
- Hy kan steeds grom
- Hy kan net so ver beweeg as wat die hok hom toelaat

Satan is in die hok. Bo toegesluit en verseël.
- Hy kan steeds doodmaak
- Hy kan steeds lieg en bedrieg
- Hy kan steeds klink soos 'n koning
- Hy kan net so ver beweeg as wat God hom toelaat

7

4: Wat beteken die tweede dood, veral in verband met Genesis 2 en 3?

Mens Liggaam + Siel / Gees

Ou Testament (Hebreeus)

| Siel | | Gees | |
|---|---|---|---|
| נֶפֶשׁ | Lewende wese / lewe | נְשָׁמָה | Windjie \| Goddelike inspirasie \| Intelligensie |
| | | רוּחַ | Wind \| asem \| lewe \| rasionele wese |

8

## 4: Wat beteken die tweede dood, veral in verband met Genesis 2 en 3?

Mens = Liggaam + Siel / Gees

Nuwe Testament (Grieks)

**Siel**

ψυχή — Binneste wese | Asem | begeerte

**Gees**

πνεῦμα — Wind | gees | rasionele wese | geestelike wese

"Siel" en "Gees" word dikwels as sinonieme gebruik. Tog is daar ’n onderskeid, maar nooit ’n skeiding nie. Die afleiding is dat die lewe, en bewussyn onderskei word van die liggaam, maar tog verbind daaraan.

"Siel" en "Gees" is dié komponent wat willekeurige besluite neem. Dis is die komponent wat die genade van God aanneem of verwerp.

9

## 4: Wat beteken die tweede dood, veral in verband met Genesis 2 en 3?

"Siel" en "Gees" is dié komponent wat willekeurige besluite neem. Dis is die komponent wat die genade van God aanneem of verwerp.

Esegiël 18:4 - Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.

Vier keer kom die woord נֶפֶשׁ in hierdie vers voor – dus nie "liggaam" nie.

Hier is dus sprake van ’n ander dood as dié van die liggaam, waarvan Prediker 3:19, 20 ( Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en ‘n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs. Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

As die mens ’n lewende siel word as God Sy asem in hom inblaas, kan ons aflei dat hierdie siel nie meer leef vir God nie, maar teen God.

Dit is dan die straf – en tweede dood: dat die band met die Lewe-gewer verbreek word – bewustelik en ewig.


10

## 5: Definieer die Bybelse betekenis van hoop:

Matteus 12:21: En op sy Naam sal die heidene hoop

Romeine 5:1, 2: Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; [2] deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.


1 Tessalonisense 1:2, 3: Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou [3] bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus.




Hebreërs 11:1:
Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie

11

## 6: Wat beteken dit as die gelowige *hoop* op die wederkoms?




So vas en seker as wat God is, so Sy woord dat Jesus weer kom.

12